



Geagte Lede,

IRG42 – QUEENSTOWN NEW ZEALAND “International Research Group on Wood Preservation”

Aan die begin van Mei het ek die IRG-konferensie in Queenstown, New Zealand, bygewoon. Die konferensie was baie insiggewend. Ek het goeie kontak met persone in die internasionale houtverduursamingsbedryf gemaak. Daar was ongeveer 100 wetenskaplike en navorsingstukke aangebied tydens twee parallele sessies wat oor drie en 'n halwe dae plaasgevind het. Van die wat ek kon bywoon, was die volgendes interessant:

- IRG/WP 11-20474 – Sample Origin Influencing the Leachability of Wood Preservatives
- IRG/WP 11-20475 – A comparative study and evaluation of methodologies used for determining wood preservative penetration
- IRG/WP 11-20476 – A Method for Studying Boron Redistribution and Leaching in Timber Framing
- IRG/WP 11-30564 – Standardized Field Trails with Micronized Copper
- IRG/WP 11-30580 – Performance of Creosote/Chlorothalonil Preservatives
- IRG/WP 11-30555 – LOSP for glulam, when should the treatment be applied?
- IRG/WP 11-30556 – Influence of wood swelling agents on penetration and copper leaching of Copper-ethanolamine based wood preservatives
- IRG/WP 11-30557 – Ten Year Field Tests of Borate-Treated Wood against Subterranean Termites
- IRG/WP 11-30558 – Phytosanitary standards and the potential for acceptance of chemical treatments as a phytosanitary measure
- IRG/WP 11-30561 – Novel Approaches to the Development and Testing of Anti After-glow Additives for CCA-based Treatments of Poles
- IRG/WP 11-30563 – Fixed Borates Anyone?
- IRG/WP 11-30570 – Termite resistance of timber envelope treated with Imidacloprid then modified by typical building site operations
- IRG/WP 11-30573 – The case for using borates in termite control in tropical Australia
- IRG/WP 11-30577 – Design, synthesis, characterisation and effectiveness of ‘Locked-in-Boron’ chemicals for H3.2 level of wood protection
- IRG/WP 11-40541 – The Effectiveness of Machined Profiles at Reducing the Checking of Wooden Decking
- IRG/WP 11-40556 – Ambient-temperature borate dip-diffusion treatment of green railroad crossties
- IRG/WP 11-40573 – TRU-CORE Process for Treatment of Refractory Species and Engineered Wood Products
- IRG/WP 11-50278 – Characterizing long term behaviour of copper from preservative treated wood in practical exposure scenario
- IRG/WP 11-50279 – Remediation of Pentachlorophenol (PCP) in Biodiesel versus Diesel Carriers
- IRG/WP 11-50280 – Copper Migration for Micronized Copper Preservative Treated Wood in soil contact: Effect of Soil pH
- IRG/WP 11-50282 – Life Cycle Assessment Comparisons of Treated Wood to Alternate Materials – Overview, Results and Lessons

Kontak gerus vir Sue indien u enige van die bogenoemde studiestukke, of die CD van al die IRG42 studiestukke, wil bekom.

WERKSWINKEL - 21 Junie

BEHANDELDE HOUT EN DIE VERBRUIKERBESKERMINGS WET

’n Inligtingswerkswinkel word beplan vir die 21ste Junie in samewerking met Mintroad Saagmeule en SAWPA. Die plek is Browsers Tuinsentrum, hoek van Heidelberg Rd and Elandsfontein Weg, Newmarket Park, Alberton. Die werkswinkel is gemik op betuurders en verkoops personeel by kleinhandelafsetpunte. Die program beoog om die volgende te dek:

- Deel 1: ’n Kort inleiding oor behandelde hout, waarom en hoe hout behandel word, Nasionale standaarde en Regulasies.
- Deel 2: Inligtingsessie oor die korrekte gebruike van behandelde hout, bv. H-klasse, endsnitte, ens., asook die veiligheidsmaatreëls waneer behandelde hout hanteer word. Dit behels belangrike inligting wat handelaars aan die verbruiker moet deurgee.
- Deel 3 – ’n Aanbieding deur Mnr Janusz Luterek (Pr.Eng) van Hahn en Hahn prokureurs, wat sal handel oor die verbruikersbeskermingwetgewing en die wetlike aspekte daarvan.
- Deel 4 – “Gevalle Studies” – Wie is aanspreeklik?
- Deel 5 – Ope vraag- en antwoordsessie.

As gevolg van beperkte sitplekke, word lede wat belang sou stel om die werksessie by te woon, versoek om asseblief te RSVP by Karien by 011 864 2894, of info@mintroad.co.za of presentations@mintroad.co.za

NUWE INLIGTINGSPAMFLET

Gedurende die laaste paar maande het ons aan al ons lede A1-plakate verskaf, getitel: “What you need to know when buying preservative treated timber.” Ons het nou ook ’n A4-pamflet ontwerp wat min of meer dieselfde inligting bevat met die idee dat ons lede dit sal uitgee aan hul kliënte (sien aangehegte pdf weergawe). Afskrifte van die pamflet op glanspapier is beskikbaar vir verspreiding aan lede. Indien u daarvan wil bekom, kontak gerus vir Sue. Die pamflet sal ook binne die volgende paar weke op ons webtuiste beskikbaar wees vir gebruik deur lede.

VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN SANS STANDAARDE

Na gelang van die SABS TC 218 vergadering en daaropvolgende werkgroepe sal ’n aantal wysigings binnekort gesirkuleer word vir kommentaar en goedkeuring deur die Tegnieese Komitee vir insluiting in die toepaslike spesifikasies. SAWPA onderneem om die voorgestelde wysigings per e-pos aan lede deur te gee soos en wanneer dit beskikbaar word. Die voorgestelde wysigings beoog om standaarde, sowel as die bedryf te verbeter en dit is dus van kardinale belang dat u bekend is met die voorstelle. Indien u kommentaar (met motivering) wil gee, moet u dit so gou moontlik aan SAWPA deurgee. Alternatiewelik kan u, indien u belangstel, ’n stemregtige lid van TC 218 word deur vir Anna Maepa by die SABS te kontak by 012 428 7073 of maepama@sabs.co.za

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste in April was in totaal 8700.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige aansprake wat in die nuusbrief gemaak word nie.